

Project name: AL3283

Date of interview: 26 October 2009

Location of interview: Centurion, Pretoria

Language/s of interview: Afrikaans

Length of interview: 2 minutes 34 seconds

Name of Interviewer: De Wet Potgieter

Name of interviewee/s: Colonel Lucas Ras

Name of translator (if any): De Wet Potgieter

Name of transcriber:

Notes on access and use (if any):

Audio file name/s of interview: AL3283\_PTA\_RASLUCAS\_20091026\_3

De Wet	Dis Maandag 26 Oktober 2009, Centurion en ek sit en gesels hier met kolonel Lucas Ras wat vroeër jare voor 1994 was hy senior offisier in die veiligheidstak wat veral op die regsies en op die linkses soos die MK, die Umkhonto we Sizwe soldate gewerk het. Lucas vertel net vir ons jy sê julle het redelik goeie inligting, goeie informante gehad in MK. Verduidelik net vir ons hoe het dit gewerk, hoe effektief was julle inderdaad want baie mense besef dit nie.
Lucas	Ja, De Wet, ek wil net noem dat toe ek van Namibië af teruggekeer het 1989 is ek deur my voormalige bevelvoerder spesifiek opdrag gegee om MK te infiltrer en om MK-lede te werf. Ek het van 'n veilige perseel af geopereer . Ons was so agt lede gewees wat van 'n veilige perseel af gewerk het en ons het binne 'n bestek van ses maande veertien MK-beriggewers gewerf . Sommige van die beriggewers het gewerk in Lusaka ander is op ander maniere gewerf. Ek kan 'n spesifieke geval onthou van inligting wat ons opgevolg het van 'n MK wat in die hospital was vir 'n besering wat ons ontvoer het uit die hospitaal uit . Ons het hom in 'n bestek van twee dae het ons hom gewerf as 'n beriggewer. Hy het ons gelei na ander MK's wat in die land was wat ons ook gearresteer/ontvoer het wat ons hulle koppe

	<p>geswaai het en deur middel van hulle het ons ook ander MK-beriggewers dan gewerf.</p> <p>Een van die beriggewers was ook in die kommunikasie-afdeling. Die voormalige hoof van die weermag se vrou, Jackie Sedibe, was destyds hoof van die kommunikasie-afdeling in Lusaka en alle kommunikasie vanaf Lusaka na die RSA het deur my kantoor geloop.</p>
De Wet	<p>Met ander woorde hulle het gedink hulle stuur hulle inligting hier na MK in Suid-Afrika, maar inderdaad gaan dit reguit deur na julle kantoor toe en julle hanteer dit.</p>
Lucas	<p>Dis reg so. Al die opdragte vir infiltrasies vir daardie tyd, die roetes, die name van die mense wat sou infiltreer, hulle opdragte, sabotasie-opdragte alles was aan ons bekend voor die tyd, voordat die mense geïnfiltreer het.</p>